23

Oorsig van werksaamhede

Oorsig van

Die Naspers-groep het die volgende belange:

1 Internet

Beleggings in internetplatforms in Sentraal- en Oos-Europa, China, Rusland, Brasilië, Afrika, Indië en Thailand. Dienste word primêr gelewer na rekenaars en selfone.

2 Betaaltelevisie

Betaaltelevisie-intekenaarplatforms en -kanale in Afrika suid van die Sahara, asook beleggings in mobiele televisie in Afrika suid van die Sahara.

3 Drukmedia

Tydskrifte, koerante, drukkerye, verspreiding en boekuitgewersondernemings in Suid-Afrika en Afrika suid van die Sahara, asook drukmediabeleggings in Brasilië en China.

4 Tegnologie

Ontwikkeling van onderliggende tegnologieë vir internet-, betaaltelevisie- en mobiele platforms.

werksaamhede

Internet

Die groep het onlangs 'n 100%-belang verkry in Tradus, 'n voorste verskaffer van verbruiker-na-verbruiker e-handelplatforms in Sentraal- en Oos-Europa, asook 'n 97%-belang in Gadu-Gadu, 'n toonaangewende kitsboodskapplatform in Pole. In China het Tencent sy leiersposisie in 'n uiters mededingende mark uitgebrei. mail.ru het ook goed gevaar in 'n groeiende Russiese omgewing.

In Brasilië het die groep begin om sy internetbedrywighede in samewerking met sy plaaslike vennoot Abril uit te brei. In Indië is 'n gesamentlike onderneming met Tencent aangegaan om 'n sosiale netwerkplatform te skep wat produkte soos kitsboodskapdienste, e-pos en aanlynspeletjies by die ibibo-produkte inlyf.

Die groep het ook verdere beleggings aangegaan in maatskappye wat internetdienste via selfone lewer. Gedurende die jaar het ons 'n belang in Nimbuzz verkry, wat op kitsboodskappe, mobiele stem-oor-internet-protokol (VoIP) en telekommunikasietoepassings fokus.

CHINA

Tencent het sy posisie in China versterk deur die groei in sy kitsboodskap-, portaal- en topgehalte diensplatforms. Teen Maart 2008 het die *QQ*-kitsboodskapplatform 317 miljoen aktiewe gebruikerrekeninge bereik, met 40 miljoen gelyktydige spitstydgebruikers. Tencent se *QQ.com*-portaal en draadlose diensportale het ook hul produkaanbiedings verbeter en gebruikerverkeer uitgebrei.

Die *QQ Game*-portaal het tot vier miljoen gelyktydige spitstydgebruikers gegroei.

THAILAND

Sanook! het sy leiersposisie as 'n Thai-portaal versterk en in Maart 2008 gemiddeld 20 miljoen daaglikse bladbesoeke behaal. Die maatskappy het begin om e-handel in Thailand te ontwikkel. Hierbenewens het sy aanlyn-advertensienetwerk uitgebrei. Die doelwit is om omsetstrome verder te verhoog en te diversifiseer.

INDIË

Die 18-maande-oue ibibo-onderneming is een van die mees snelgroeiende Indiese internetbondels wat gebruikers bemagtig om inligting te skep en te deel, en vriende te vind. Daaglikse bladbesoeke het maandeliks toegeneem. Die hoofkantoor is in Gurgaon geleë, met 'n ontwikkelingskantoor in Bangalore en 'n verkoopskantoor in Moembaai. ibibo se fokus is nou om sy geïntegreerde kitsbood-skapdienste, e-pos en speletjietoepassings bekend te stel, advertensieverkope uit te brei, en gebruiker-gegenereerde inhoud te bevorder.

OMSET



EBITDA



BEDRYFSVERLIES



EUROPA

Die verkryging van 100% van Tradus is in Maart 2008 afgehandel. Tradus is 'n toonaangewende verskaffer van verbruiker-na-verbruiker (C2C) e-handelplatforms, met aanlynveilings- en vasteprys-verkoopdienste. Die hoofmark is Pole. Die maatskappy is ook werksaam in Switserland, Tsjeggië, Slowakye, Roemenië, Bulgarye, Hongarye, Oekraïne, Rusland, Litaue en Estland. Oor die afgelope jaar het geregistreerde gebruikers met 41% tot 12 miljoen toegeneem.

Na sy verkryging is die Tradus-groep in Oos-Europa en Wes-Europa verdeel. Oos-Europa sal as die Allegro-groep en Wes-Europa as die Ricardo-groep bekend staan. Hulle sal as onafhanklike maatskappye bedryf word.

Allegro behaal ook elders in Oos-Europa sukses. Hy het sy C2C-kundigheid na prysvergelykings *(ceneo.pl)* en geklassifiseerde motor- *(otomoto.pl)* en eiendoms-advertensies *(otodom.pl)* in Pole uitgebrei. Allegro is nou die voorste C2C-platform in Tsjeggië *(aukro.cz)* en het vastrapplek gekry in die mark in Oekraïne *(aukro.ua)*.

In Desember 2007 het MIH 97% van die ekwiteits-aandelekapitaal in die Warskou-genoteerde Gadu-Gadu, die voorste kitsboodskapplatform in Pole, verkry. Teen die jaareinde het die getal aktiewe kitsboodskapgebruikers tot 5,9 miljoen gegroei. Maandelikse bladbesoeke het meer as verdubbel tot 3,7 miljard. Die sosiale netwerkwebwerf *Moja Generacja* (nuwe generasie) het tot 3,2 miljoen gebruikers in Maart 2008 gegroei.

RUSLAND

mail.ru is 'n toonaangewende verskaffer van internet-produkte en -dienste, met die grootste Russiesprekende internetgehoor wat bereik word. Teen die jaareinde het die getal unieke gebruikers op die mail.ru-portaal gegroei tot 52 miljoen. Sy kernaanbod van e-posdienste het die laaste paar jaar teen 'n saamgestelde koers van 59% per jaar gegroei.

mail.ru het verlede jaar sy eie sosiale netwerkwebwerf, *Moi Mir* (My Wêreld), bekend gestel, wat nou 'n unieke gebruikerbasis van 13,5 miljoen het. Sy e-pos- en kitsboodskapkommunikasieprodukte het so gewild geword dat mail.ru nou 'n markleier op die gebied van vertoon-advertensies is. mail.ru is goed geplaas om baat te vind by die groei in aanlynadvertensies in Rusland, wat deur toenemende breëband-internetpenetrasie gedryf word.

Tans word samewerkingsgeleenthede tussen mail.ru se vergelykbare inkopiedienste en die *molotok.ru*-handelsplatform, waarin Allegro 'n belang het, ontgin.

SUID-AFRIKA

MWEB IDV

MWEB is een van die grootste residensiële internetdiensverskaffers (IDV's) in Suid-Afrika en besit ook die grootste VSAT (baie klein gleuftegnologie) korporatiewe internetbasis in Afrika suid van die Sahara. In Suid-Afrika kortwiek stadige deregulering internetgroei. MWEB het 'n WiMAX-toetslopie (draadlose breëbandtegnologie) in Johannesburg, Kaapstad en Soweto gedoen om breëbanddienste aan huishoudings en ondernemings te lewer. Met die verwagte tempo van breëbanduitbreiding in Suid-Afrika, het MWEB beoog om in draadlose breëband-infrastruktuur te belê om sy leiersposisie te handhaaf.

Aangesien die groep geen ander internetdiensverskaffer besit nie, en hierdie besigheid meer infrastruktureel van aard is as ons ander eenhede, is koopaanbiedinge vir hierdie dienste aangevra en word tans geëvalueer.

24.com

24.com is die grootste internetuitgewer in Suid-Afrika. 'n Verskeidenheid van sy subhandelsmerke (insluitend *News24, Health24, Property24, Fin24* en *Wheels24*) is kategorieleiers op hul gebiede.

24.com is ook deur *Netads24* aktief in die aanlynbedryf vir geklassifiseerde advertensies. *Careers24* het 'n groeiende basis van werksoekers en bied aan personeelwerwers 'n aantreklike geleentheid om aanlyn te adverteer. *Kalahari.net* het sy status as die voorste aanlyn-kleinhandelsbestemming in Suid-Afrika bevestig. 24.com ontwikkel nuwegenerasie-funksionaliteit vir gebruikers.

MOBIELE TOEGEVOEGDEWAARDE-DIENSTE

Nimbuzz

Die groep het 'n belang in die jong Nimbuzz verkry, wat op kitsboodskapsamevoeging, stem-oor-internet-protokol en telekommunikasietoepassings fokus. Gebruikers word met verskeie gemeenskappe soos MSN, AIM, Yahoo en Skype verbind, wat 'n makkernetwerk op die Nimbuzz-platform skep. Vennootskappe word met streekspelers gesluit.

12 miljoen geregistreerde gebruikers op die Tradus-platforms

MXit

MXit, 'n mobielekitsboodskapverskaffer, het gedurende die jaar sy omset in Suid-Afrika met 110% verhoog en die getal gebruikers het met 88% gegroei. MXit het onlangs in Brasilië, Indië en ander markte begin uitbrei. Verskeie uitdagings is gedurende die jaar getrotseer, insluitend 'n belangrike platformopgradering.

Betaaltelevisie

'n Jaar van intekenaargroei, loodsing van nuwe kanale, opwindende plaaslike produksies, 'n sportfees en 'n sterk klem op opvoeding.

SUID-AFRIKA

Die Onafhanklike Kommunikasie-owerheid van Suid-Afrika (Okosa) het in 2007 uitsaailisensies aan vyf aansoekers toegeken. Ná 'n proses van bilaterale onderhandelings tussen Okosa en hierdie lisensiehouers sal spesifieke en algemene voorwaardes aan elke lisensie verbonde wees. Die uitreiking van individuele lisensies sal na verwagting in 2008 afgehandel word. Die proses om M-Net se uitsaailisensie in ooreenstemming te bring met die voorwaardes van die nuwe Wet op Elektroniese Kommunikasie behoort in 2009 afgehandel te word.

Die toetrede van hierdie nuwe mededingers het 'n skerp styging in die prys van inhoudsregte meegebring, en operateurs se marges vernou. Die koste vir die hernuwing van die sportregte van verskeie sportsoorte is hoog. Ons groep is tans die grootste befondser van sportligas op die vasteland van Afrika.

Die gelykstaande intekenaarbasis het met 178 000 tot 1,57 miljoen huishoudings toegeneem danksy goeie inhoud en 'n aantreklike sportpakket. Die goedkoper *DStv Compact*-boeket het tot 258 000 intekenare gegroei. 'n Middelprys-boeket, *DStv Select*, wat teen R139 per maand verkoop, is in Junie 2007 bekend gestel en die bekostigbare *EasyView*-boeket, teen R20 per maand, is ook herloods.

Die persoonlike video-opnemer (PVO) het steeds goeie groei getoon en die jaar op 242 000 intekenare afgesluit. 'n Hoëdefinisie-PVO sal binnekort beskikbaar wees.

MultiChoice het agt nuwe kanale bekend gestel, naamlik *MagicWorld*, *Sony Entertainment*, *One Gospel*, *Animax*, *M-Net Stars*, *The Style Network*, *Trace TV* en *Nat Geo Wild*. Nog toevoegings word beplan vir die jaar wat voorlê.

M-Net se programrooster is opgekikker met nuwe plaaslike produksies. *The Coconuts* ('n komediereeks); *Ella Blue, Jacob's Cross* en *Feast of the Uninvited* (drama); *Are you Smarter than a 5th Grader?* (speletjiesprogram), asook die terugkeer van *Deal or No Deal* het die aantal kykers aansienlik laat styg.

Binnelanders (sepie) vaar steeds goed na sy bekendstelling om die verlies van advertensie-inkomste teen te werk nadat M-Net se Oop Kyktyd in April 2007 verval het. Suid-Afrika se gewilde sepie *Egoli* is nou al in sy 17de jaar. M-Net was die eerste uitsaaier ter wêreld wat drie realiteitsprogramme gelyktydig vertoon het – *Idols, Big Brother Africa* en *Survivor South Africa*. Beide *M-Net Series* en *M-Net Action* is goed gevestig, nadat hierdie kanale opgeknap is. *kykNet* het steeds op plaaslike dramas en realiteitsprogramme gefokus, terwyl *Channel O* jong musiekliefhebbers in 80 lande in Afrika bedien.

SuperSport het verskeie langtermyn-uitsaairegte bekom. Danksy SuperSport se ooreenkoms met die PSL het sokkerliefhebbers

OMSET

in rand miljoene



EBITDA

in rand miljoene



BEDRYFSWINS

voor amortisasie en ander winste/verliese
in rand miljoene





gedurende die 2007/2008-seisoen 'n plaaslike sokkerfees geniet: ongeveer 187 wedstryde is uitgesaai, vergeleke met sowat 76 wat in die 2006/2007-seisoen uitgesaai is voordat SuperSport die regte bekom het. Benewens SuperSport se eie uitsending, is 'n sublisensie aan die SABC toegestaan om ongeveer 90 wedstryde uit te saai, insluitend die groot kragmetings en eindstryde van kompetisies.

SuperSport se produksiespanne het 'n bedrywige jaar agter die rug, met uitgebreide dekking van vier wêreldbekers: die Rugbywêreldbeker, Krieketwêreldbeker, Twintig20 Krieketwêreldbeker en die Vrouesokkerwêreldbeker.

Die sportspanne waarin SuperSport 'n belang het, het redelik goed presteer: die Vrystaatse Cheetahs het die Curriebeker (rugby) gewen en die Haaie het naelskraap verloor in die eindstryd van die 2007 Super14-rugbykompetisie. SuperSport United het hul ondersteuners beloon deur die PSL Liga-titel vir 2008 in te palm.

MultiChoice se Phuthuma Nathi was met sy bekendstelling in 2006/2007 die grootste bemagtigingstransaksie in die mediasektor. MultiChoice bedryf ook verskeie opheffingsprojekte vir voorheen benadeeldes op gebiede soos voorkeuraankope, gemeenskapsontwikkeling en korporatiewe maatskaplike beleggingsinisiatiewe. MultiChoice is verbind tot 'n gesonde en veilige werkomgewing en doen steeds jaarlikse risiko- en voldoenings-oudits.

Verdere inligting oor MultiChoice se korporatiewe maatskaplike beleggings- en volhoubaarheids-inisiatiewe is beskikbaar by die webwerf (**www.multichoice.co.za**).

AFRIKA SUID VAN DIE SAHARA

MultiChoice in Afrika suid van die Sahara het sterk groei ondervind, ondanks die verlies van sekere regte en die toetrede van mededingers. Die intekenaarbasis het gedurende die jaar met 68 000 huishoudings toegeneem – hoofsaaklik in Nigerië en Angola. Goedkoper boekette – *DStv Family* en *DStv Compact* – het 162 000 huishoudings bereik.

Die fokus op groter plaaslike programinhoud op die vasteland is gedurende die afgelope jaar voortgesit. *No Deal* versterk. 'n Nuwe Nigeriese sepie *Tinsel* en 'n Oos-Afrikaanse dramareeks is bestel.

SuperSport het die sokkerkanale in Afrika suid van die Sahara by die betrokke markte aangepas. Hy het regte vir die Nigeriese, Keniaanse en Zambiese sokkerligas, asook vir die top drie Angolese spanne, verkry om dekking van Afrika-sokker te verbeter. Die toevoeging van die Spaanse La Liga, Franse en Italiaanse sokkerligas, saam met die klubkanale van Chelsea, Manchester United, Arsenal en Liverpool, het die sokkerpakket verbeter.

162 duisend huishoudings geniet die *DStv Family*- en *DStv Compact*-boekette

Met die byvoeging van kanale van Kenia en Angola het die totale getal openbare en handelskanale wat deur die *DStv*-diens gedra word, tot 19 gestyg. M-Net het afsonderlike voere vir Oos- en Wes-Afrika, en afsonderlike kanale vir *M-Net Series* en *Channel O* ingestel. Die gewilde *AfricaMagic* is tot 'n 24-uurkanaal uitgebrei. M-Net het ook sy plaaslike-inhoud-portefeulje met die treffers *Big Brother Africa, Idols East Africa* en *Deal or*

SuperSport het die Euro 2008-kompetisie uitgesaai en sal die 2010 Fifa Sokkerwêreldbeker uitsaai. Die toetrede van nuwe mededingers op die vasteland het egter kostes laat styg.

Nuwe kanale is by die *DStv*-diens gevoeg – insluitend *One Gospel, The Style Network, Trace TV, M-Net Stars, Nat Geo Wild, Sony Entertainment Television, Animax, MagicWorld* en *Inspirations TV*. Op die Portugese boeket is *AXN* en *E! Entertainment* bygevoeg.

Korporatiewe maatskaplike beleggings was steeds toegespits op opvoeding. Sowat 350 MultiChoice-hulpbronsentrums het opvoedkundige televisie vir leerders gebied en gehelp om onderwysers op te lei. Hierdie sentrums word in vennootskap met regerings, asook met die nuwe vennootskap vir Afrika-ontwikkeling (Nepad) se e-skolekommissie, bestuur.

Die regulatoriese omgewing in Afrika bly onseker, te midde van veranderings aan bestaande wetgewing en die ontwikkeling van nuwe uitsaaiwetsontwerpe en regulasies in 'n aantal lande. Sommige Afrika-regerings fokus ook nou op digitale migrasie.

350 MultiChoice-hulpbronsentrums verskaf opvoedkundige televisie

MEDITERREENSE STREEK

Die NetMed-intekenaarbasis het teen 31 Maart 2008 op 362 000 gestaan. Dit was grootliks te danke aan 'n sterk sportaanbieding, insluitend die uitsending van die wedstryde van tien uit die 16 Griekse sokkerspanne, en die verkryging van die regte vir die Euro 2008 Sokkerkampioenskap.

In Oktober 2007 is nuwe programpakkette bekend gestel, bestaande uit vier boekette waarvan die pryse wissel van €29,50 tot €57. Drie inhoudverskaffingsooreenkomste is met internetprotokoltelevisie- (IPTV)- operateurs gesluit as deel van die strategie om programme op alle transmissieplatforms beskikbaar te stel.

Die oproepsentrum het gedurende die jaar 'n bronsmedalje in die nasionale Teleperformance Hellas-kompetisie verower en die bemarkingspan het twee silwer Ermis-toekennings en een goue Ermis-prys vir sy bemarkingsveldtogte ontvang.

Nadat Naspers se beleggingsprioriteite hersien is, het MIH 'n voorwaardelike ooreenkoms met ForthNet SA, 'n toonaangewende Griekse telekommunikasiemaatskappy, aangegaan om NetMed te verkoop. Die ooreenkoms sal na verwagting later vanjaar gefinaliseer word.

MOBIELE TELEVISIE

'n Nuwe gesamentlikeondernemingsmaatskappy, DMtv, is ingelyf om mobieletelevisie-dienste op die vasteland van Afrika uit te brei. Lisensies is in verskeie Afrika-lande verkry.



Gedurende die jaar onder oorsig is kommersiële mobieletelevisie-dienste in samewerking met plaaslike operateurs in Nigerië, Kenia en Namibië bekend gestel. Dit stel gebruikers in staat om op hul selfone 'n spesiale televisieboeket te ontvang wat internasionale en plaaslike kanale van elke betrokke land insluit.

Kommersiële DVB-H-lisensies (digitale video-uitsending vir handtoestelle) is nog nie in Suid-Afrika toegeken nie. Intussen, en in afwagting op die toekenning van hierdie lisensies, word 'n mobiele-TV-toetsdiens befonds. Regte is bekom vir die 2008 Olimpiese Spele in Beijing, asook die 2010 Fifa Sokkerwêreldbeker.

MEDIAZONE

Dit is 'n ontwikkelingsprojek wat breëbandvideo-inhoud aan gebruikers in verskeie lande verskaf en is tans op sport en internasionale vermaaklikheidsprogramme toegespits.

Hoogtepunte van die jaar sluit ten volle interaktiewe dekking van Wimbledon in, 'n omvattende video-op-aanvraag-diens vir die Rugbywêreldbeker, en die Chinese nuwejaarsfees in samewerking met CCTV aangebied.

Drukmedia

Die groep het 'n belang van 30% in Abril, die voorste tydskrif-uitgewer in Brasilië met 'n sirkulasiemarkaandeel van sowat 42% en 'n advertensie-aandeel van 59%. Abril het gedurende die verslagtydperk sy betaaltelevisie-verspreidingsdiens, TVA, van die hand gesit. Abril het goed presteer danksy 'n doeltreffende afleweringsnetwerk en werwingstegnieke.

Nuwe tydskriftitels soos *Gloss*, 'n glanstydskrif vir vroue, is bekend gestel. 'n Aantal internetinisiatiewe, wat wissel van webwerwe wat die gedrukte titels ondersteun tot nuwegenerasie-dienste, is ook van stapel gestuur.

Abril was een van die eerste maatskappye in Brasilië wat in die maatskaplike omgewing begin belê het. Die Victor Civita-stigting, wat op die verbetering van elementêre onderrig fokus, borg verskeie onderwyser- en steunprojekte.

Die Naspers-groep hou ook 'n belang van 37% in China se voorste sportuitgewer, Titan Media. Titan bevorder veral die breë belangstelling in sokker in China.

Beijing Media Corporation, waarin die groep 'n klein belang het en wat 'n toonaangewende plaaslike koerant bedryf, het 'n moeiliker jaar agter die rug.

SUID-AFRIKA

Koerante

Ekonomiese toestande in Suid-Afrika het stram geword, maar desondanks is stewige finansiële prestasie oor 'n breë front behaal.

Van die jonger titels het sirkulasiegroei getoon, terwyl die meeste van die volwasse produkte se sirkulasie bestendig was.

Die *Daily Sun* se sirkulasie het tot meer as 513 000 per dag gestyg en sy leserstal tot 4,75 miljoen. Dit is die dagblad wat die wydste gelees word in Suid-Afrika. In die Wes-Kaap het die sirkulasie van die poniedagblad *Son* tot 97 000 toegeneem.

Die weekblad *Soccer Laduuuuuma*! het onlangs 'n rekordsirkulasiesyfer van 321 000 behaal. *Sunday Sun* en *City Press*, albei Sondagkoerante, het bestendige groei getoon. *City Press* het vanjaar ook sy 25ste herdenking gevier deur verskeie inisiatiewe onder die vaandel van die *Your SA, Our Home, Our Efforts*-veldtog bekend te stel. Die veldtog fokus op gemeenskapswaardes en omgewingsaspekte.

'n Gemeenskapstydskrif, *My Week*, word ontplooi. Weens die verlangsaming in die mark is 'n aantal kleiner titels gestaak.

Media24 se koerantjoernaliste het weer presteer deur verskeie toekennings in te palm.

Tydskrifte

Dit was nie 'n goeie jaar vir tydskrifte nie, soos blyk uit 'n merkbare afname in tydskrifadvertensiesteun. Vooruitskouend is advertensiebegrotings meer konserwatief.

Verbruikers verkeer onder druk, gevolglik is sirkulasievlakke gedemp – selfs in die geval van gevestigde kategorieleiers.

OMSET

in rand miljoene



EBITDA

in rand miljoene



BEDRYFSWINS

voor amortisasie en ander winste/verliese
in rand miljoene



Indrukwekkende sirkulasiegroei is egter aangeteken deur *Drum* (tot meer as 105 000), *Move!* (tot bykans 131 000), *Cosmopolitan* (tot 123 600) waarin ons 'n 50%-belang het, *Real* (56 000) en *National Geographic Kids* (39 000). Nuwe titels wat geloods is, sluit in *Destiny, Sarie Kos, Huisgenoot Pols/You Pulse* en *Best Life*.

Media24 se fokus het verskuif van nuwe loodsings na die uitbou van tydskrifte wat in vorige jare bekend gestel is. Titels met te min aantrekkingskrag is gestaak.

Media24 se tydskrifte het verskeie kategorieë by die glansryke jaarlikse 2007 Pica-toekenningsgeleentheid ingepalm.

Onder die wenners was *Weg, Visi* en **www.fin24.co.za** (die tydskrifwebwerf).

Paarl Media

Paarl Media het 'n sterk jaar beleef, met die twee groot ondernemings, *Paarl Gravure* en *Paarl Web*, wat gesonde groei getoon het. Die nuwe drukkery, *Paarl Web Gauteng*, het verwagtinge oortref en volumes verhoog, met die gevolg dat 'n bykomende drukpers in bedryf gestel is. Kapasiteit is ook by *Paarl Web* en *Paarl Print* verhoog. *Paarl Print* het kontrakte van ander Afrika-lande verkry, en *Paarl*

Labels het goed presteer. Die bestuurspan by Paarl Media is versterk om die bestendige groei van die afgelope jare te hanteer.

Die stygende prys van papier en ink sal egter vorentoe druk op marges plaas. Handelsdrukvolumes kan onder druk kom indien klante soos kleinhandelaars 'n inkrimping van volumes ondervind.

NB-Uitgewers (insluitend Tafelberg en Human & Rousseau) het ook 'n goeie jaar agter die rug. Talle bekroonde boeke is uitgegee, waaronder die eerste volkleur-geïllustreerde Suid-Afrikaanse geskiedenisboek in bykans twee dekades.

Volhoubaarheid en korporatiewe maatskaplike belegging

Benewens sy bemagtigings-inisiatief, Welkom Yizani, is Media24 verbind tot die opheffing van die mense in die gemeenskappe waarin hy werk. Media24 erken die belangrikheid van sy impak op die omgewing, die doeltreffende bestuur van beroepsgesondheid- en veiligheidsrisiko's, asook die ontwikkeling van sy werknemers.

131 duisend se sirkulasie aangeteken deur *Move!*

Boekuitgewery

Hierdie eenheid is nou kleiner, nadat Van Schaik Boekhandel en Afribooks van die hand gesit is, maar het goed presteer.

Uitgewers en agente het voortgebou op verlede jaar se verbeterings. Die skoolboekuitgewers Nasou Via Afrika (NVA) en Jonathan Ball Publishers het sterk presteer. Die algemene uitgewers

Media24 het sy eerste amptelike telkaart in ooreenstemming met die Suid-Afrikaanse departement van handel en nywerheid se Goeie Praktykkodes verskaf deur 'n onafhanklike verifikasie-agentskap te gebruik. Media24 is trots daarop dat hy volpunte behaal het vir beide die ondernemingsontwikkelings- en sosio-ekonomiese ontwikkelings-komponente. Meer besonderhede oor die maatskappy se maatskaplike beleggingsinisiatiewe is beskikbaar by die webwerf (**www.media24.com**).

Tegnologie

Irdeto se inhoudsekuriteitsonderneming het sterk groei in beide omset en kontantvloei behaal. Sowat 10,7 miljoen knapkaarte en sekuriteitskyfies is gedurende die tydperk verskeep.

Die potensiaal van streekmarkte is erken deur nuwe kantore in Japan, Singapoer, Doebai en Moskou te open. Die gesamentlike hoofkwartier is in Amsterdam en Beijing.

Irdeto het die Franse dekodeerderbedryfstelselmaatskappy IDWay verkry. Die groep se klantesorg- en faktuuronderneming vorm nou deel van Irdeto. 'n Volgende-generasieprodukis onlangs bekend gestel, en so ook 'n volledige oplossing genaamd *Irdeto Digital TV SmartStart*.

Gevorderde dienslewering is beklemtoon. In vennootskap met OpenTV en Pace het Irdeto hoëdefinisie-PVO aan DigiTurk in Turkye gelewer, en video-op-aanvraag-dienste sal in 2008 toegevoeg word.

In ooreenstemming met sy doelwit om sy sekuriteitsgrondslag te diversifiseer, het Irdeto die Amerikaans-gebaseerde programmatuur-sekuriteitsfirma, Cloakware, verkry. Hierdie eenheid bied beskermingsprodukte.

Breëbandpenetrasie groei nou sterk in feitlik alle markte. Die groep se eenheid Entriq is goed geplaas en het markaandeel vir sy sekuriteits- en handelsprodukte gewen. Om 'n groter deel van die tegnologiewaardeketting te dek, het die maatskappy Dayport bekom, wat spesialiseer in produksiewerkvloei-, enkodering- en sindikasieprogrammatuur vir uitsaaiers en webuitgewers. Die gekombineerde produkte dek alle aspekte van inhoudskepping tot verbruik.